# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (07/18)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 16 Februarie 2018*

***"Let your food be your medicine, and your medicine be your food" Hippocrates***

## SIZA

Die "Sustainability Initiative of South Africa" (SIZA) het nou 1 649 aktiewe lede op sy platform - met die meerderheid (23.5%) vanuit die sitrusbedryf. Hierdie inisiatief is deur Fruit South Africa (waarvan die CGA 'n stigterslid is) begin, en het sedertdien tot 'n onafhanklike maatskappy met sy eie Raad en bestuur ontwikkel. SIZA het gegroei onder die leiding van Retha Louw en haar Raad, met die bekwame Nigel Mudge as voorsitter. Die inisiatief is begin om alle arbeidsverwante kwessies op vrugteplase aan te spreek - produsente wou verseker dat hulle nie net aan arbeidsregulasies voldoen nie, maar ook blootgestel is aan die beste praktyke ten opsigte van arbeidsverhoudinge. Werkers wou verseker dat hul billik en met waardigheid behandel word, terwyl invoerders, handelaars en ander kopers 'n meganisme wou hê om hulle te verseker dat etiese standaarde nagekom word. Die regering wou verseker dat die vrugteboere se praktyke in lyn is met wetgewing, terwyl die werkers bemagtig word. SIZA het 'n aantal programme ontwikkel wat hierdie vennote in die waardeketting die nodige versekering gee en dat vordering deur die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf gedryf word.

SIZA het onlangs 'n verslag vir die CGA in die vierde kwartaal van 2017 opgestel. Hierdie verslag het aktiwiteite van SIZA beklemtoon, en veral hoe dit met die sitrus-sektor verband hou. Van die 553 primêre lede (produsente en pakhuise), is 201 in die Oos-Kaap en 197 in die Wes-Kaap (gesamentlik 72% van sitrus se totaal) - terwyl 99 (18%) van Limpopo en 31 (6%) van Mpumalanga is. Daar is duidelik werk wat gedoen moet word om produsente in die Noorde aan die voordele van SIZA bloot te stel. As u meer inligting verlang, kontak gerus vir Retha Louw (retha@siza.co.za) of kyk na hul webwerf www.siza.co.za. Indien nodig, kan inligtingsdae vir diegene wat meer te wete wil kom, gereël word.

Alhoewel SIZA in die verlede op etiese standaarde gefokus het, is daar baie werk gedoen om 'n omgewingstandaard te ontwikkel. As gevolg van druk op produsente om nakoming van algemeen aanvaarde omgewingstandaarde te toon, is baie aandag aan hierdie ontwikkeling gegee. Gedurende 2017 is die standaard getoets en het 'n Goue Gradering teen een van die wêreld se voorste volhoubaarheidstandaarde (SAI FSA) behaal. 'n Self evalueringsvraelys (SAQ) is ontwikkel, en tot dusver het 184 SIZA-lede die SAQ voltooi.

'n Bekommernis wat deur alle suidelike halfrond vrugte-uitvoerders gedeel word, is by die onlangse SHAFFE (Southern Hemisphere Association of Fresh Fruit Exporters) in Berlyn uitgespreek. Die verspreiding van kleinhandel- en invoerderstandaarde is 'n finansiële en administratiewe las wat die potensiaal het om baie produsente (en veral kleiner skaal produsente met beperkte hulpbronne) uit besigheid te haal. Dit is hierdie fokus na een standaard, een inspeksie en een sertifisering wat SIZA dryf. Hoe meer lede SIZA lok, hoe meer kan die maatskappy programme en praktyke ontwikkel wat aan die veelvuldige standaarde voldoen, wat ons sien bekend gestel word. Interessant genoeg, is dit nie net 'n probleem van die suidelike halfrond nie, by die Freshfel-vergadering is soortgelyke kommer deur dié produsente in Europa uitgespreek.